# 2. DIE ONDERWYSER-IN-ORGANISASIE BINNE DIE ONDERWYSSUBSTELSEL VIR BLANKES IN DIE RSA ASOOK IN ENKELE OORSESE LANDE

## 2.1 Oriëntering

By opvoedende onderwys is daar altyd minstens twee mense be= trokke. Die primêre opvoedingsituasie word tussen ouers en kinders aangetref, want die Christen-gelowige ouers moet kragtens die Verbondseis hul kinders in die vrese van die Here opvoed en onderrig, of verantwoordelik toesien dat dit gedoen word. Die ouers is die primêre opvoeders, want kinders word aan hulle ge= skenk waarna dit die verantwoordelike roeping van die ouers is om hulle kinders liefdevol op te voed tot eer van God en tot naaste= diens en tot verantwoordelike beheersing van die werklikheid (Van der Walt en Dekker, 1982 : 75).

Mettertyd het die lewenseise so toegeneem dat dit vir die ouers prakties onmoontlik geword het om hul kinders in alle opsigte self genoegsaam op te voed en te onderrig. Waar die moderne same= lewing steeds hoër en meer gespesialiseerde eise ten opsigte van alle lewensterreine (byvoorbeeld die beroepswêreld, verantwoor= delike staatsburgerskap, inskakeling in sosiale strukture, en so meer) stel, moet daar goed-toegeruste mense (sekondêre opvoeders) voorsien word wat met verfynde kennis en bedrewenheid kan help met die opvoedende onderwys van die kind.

Hiervoor is daar onderwysers in skole, dosente aan tersiêre inrig= tings en ander kundige opleiers by opleidingsinstansies (byvoor= beeld fabrieke, myne, die staatsdiens, en so meer) beskikbaar. Onderwysers werk as vennote saam met die ouers om hul kinders te

lei en te vorm, op te voed en te onderrig tot verantwoordelike en verantwoordbare beskawingsvolwassenheid. Die skool het sy eie struktuur, net soos die huisgesin sy eie het. Die funderings=funksie van die skool is, anders as die biotiese funksie by die gesin, geleë in die histories-kulturele vormingsvermoë. Waar die opvoeding van die ouers afgestem is op liefdesorg, gaan dit by die skool eerstens om die ontsluiting van die analitiese vermoë of funksie van die kind ter wille van kennisoordrag (Van der Walt en Dekker, 1982 : 75). Hierdie kennisontsluitingsfunksie moet steeds met verantwoordelikheid en liefde en opvoedingsbewus deur die onderwyser beoefen word, sodat ware en egte opvoedende onderwys in die skool sal plaasvind.

Onderwysers is medegesagsdraers (saam met die ouers), want onder=wysers aanvaar saam met ouers die verantwoordelikheid om die op=voedende onderwysopdrag uit te voer. Die eie, unieke struktuur van die skool, waarin die onderwyser figureer, bring mee dat geen onopgeleide persoon, soos 'n ouer, inbreuk op die professionele terrein van die onderwyser mag maak nie. So mag ouers byvoorbeeld nie met die didaktiese werksaamhede van die onderwysers (profes=sionele opvoeders) inmeng nie.

Die onderwyser is dus die professionele stigter van die onderrig-leer-situasie, daarom primêr op die ontsluiting van die analitiese funksie van die leerling ingestel, terwyl die ouer die nie-profes=sionele primêre opvoeder is. Hierdie unieke taak van die onder=wyser bring bepaalde regte en voorregte vir hom as professionele beroepsmens mee.

Die praktiserende onderwyser het daarom, saam met die feit dat hy

sy basiese taak van opvoedende onderwys moet verrig, ander be= lange waarna omgesien moet word. Die onderwyserskorps mag ten regte, op grond van hul verantwoordelike geroepenheid as mede= gesagsdraers van die ouers, op die volgende sake aanspraak maak: billike vergoeding; goeie administrasie; afdoende middele vir onderrig; billike, regverdige onderwyswette en -ordonnansies om hul soewereiniteit, gesag, professionaliteit, status en geroepen= heid te beskerm; 'n aandeel in onderwysbeheer, asook die reg om deelbepalers van die gees, rigting en karakter van die onderwys te wees (Van Schalkwyk, 1981 : 140-141).


Die onderwyser in georganiseerde verband, naamlik die onderwyser-in-organisasie soos beliggaam in lidmaatskap van 'n amptelik-er= kende onderwysersvereniging, moet inspraak hê in die stelsel van onderwysadministrasie, die stelsel van onderwysinrigtings, die stelsel van hulpdienste en aanvullende opvoedingsdienste ten einde sy taak sinvol uit te voer.* Uiteindelik word die taak van die onderwyser ook die taak van die onderwysersvereniging, wat geen doel in sigself het nie, maar wesenlik onderwyskundig gekwalifi= seerd is. Die onderwysersvereniging is daar ter wille van die onderwyserskorps, wat op hulle beurt slegs ter wille van die op= voedende onderwys bestaan en funksioneer (Van Schalkwyk, 1981 : 115).

Die onderwysstelsel ontstaan wanneer onderwysbelanghebbende (die staat, die kerk, die huisgesin, ens.), knoop- (beheerrade, onder=

---

*In die Republiek van Suid-Afrika (RSA) maak die *Wet op die Na= sionale Onderwysbeleid, 1967*, art. 2(1)(i) daarvoor voorsiening dat "by die onderwysbeplanning aan wenke en aanbevelings van die erkende onderwysersverenigings oorweging geskenk moet word".

wysersverenigings, ens.) en onderwysgekwalifiseerde (skole vir gedifferensieerde onderwysbehoeftes, technikons, kolleges, ens.) strukture saam funksioneer om opvoedende onderwys moontlik te maak.




1 ONDERWYSGEKWALIFISEERDE STRUKTURE
2 KNOOPSTRUKTURE
3 ONDERWYSBELANGHEBBENDE STRUKTURE

Figuur 2.1 Die Onderwysstelsel is 'n onderwys- en opleidingsgerigte vervlegting=struktuur (vgl. Barnard, 1981 : 38-39)

Uit Figuur 2.1 word die volgende duidelik -

* Die beginsel van soewereiniteit in eie kring bly geldig, want die een samelewingsverband maak nie wette en reëls vir die ander nie. Elke samelewingsverband behou seggen=skap oor sy eie interne karakter en maak wette en reëls wat by sy eie aard en identiteit pas (Barnard, 1981 : 42).

* Die beginsel van universaliteit in eie kring is ook hier geldig, want gesamentlike beraadslaging en optrede tussen die verskillende samelewingstrukture vir die daarstelling van 'n kerngesonde opvoedingstelsel is noodsaaklik.

Binne die onderwysstelsel figureer die onderwysersvereniging as 'n belangrike geïntegreerde komponent. Die onderwysersvereniging het 'n eie bestaansreg en soewereiniteit, tôg bly hy gekoppel aan die kerk (deur die lidmate). Die staat harmonieer op grond van sy funksie van die integrering van regsbelange binne die territo=riale gebied die rolle van die verskillende samelewingsverbande — ook ten opsigte van die onderwysers-in-organisasie.

Vir die Christen-Afrikaneronderwyser sal die Christelik- (i.c. Reformatories-) religieuse grondmotief bepalend en rigtinggewend wees vir al sy gedraginge, dus ook waar hy hom in organisatoriese verband in die onderwysersvereniging bevind.

In die RSA is daar verskillende onderwysersverenigings wat afson=derlik maar ook gesamentlik funksioneer. Om bepaalde redes* het verskeie onderwysersverenigings hier te lande ontstaan, hul be=slag gevind en is tans besig om elk 'n eie plek te beklee in die Blanke onderwyssubstelsel in die RSA.

---

*Hierdie redes word behandel in Par. 2.2.1, p.17.

Die Transvaalse Onderwysersvereniging is een van die tien Blanke onderwysersverenigings in die RSA (Fig. 2.2). Soos al die ander Blanke onderwysersverenigings in Suid-Afrika, het ook die Trans=vaalse Onderwysersvereniging (TO) sy eie doelstellings en grond=slae, sy eie take wat hy verrig en sy eie behoeftes waarin hy voorsien.

Die Blanke onderwysersverenigings funksioneer egter nie net af=sonderlik nie maar ook gesamentlik, want nege van die tien is ver=teenwoordig in 'n oorkoepelende vereniging, naamlik Die Federasie van Onderwysersverenigings in die Republiek van Suid-Afrika (kort=weg bekend as Die Federale Raad).

Samevattend kan daar geponeer word dat onderwysersverenigings 'n onlosmaakbare deel vorm van die onderwysstelsel van 'n land. As sodanig behoort hulle medeseggenskap oor alle onderwyssake te hê.

In Suid-Afrika is daar altesaam elf onderwysersverenigings (vgl. Fig. 2.2) waarvan die TO wat getalle betref die grootste is. Nege van hierdie onderwysersverenigings koördineer en vorm gesamentlik die Federale Raad waarop hulle *pro rata* volgens ledetal verteen=woordig word. Die TO as grootste onderwysersvereniging beskik dus oor die meeste verteenwoordigers, naamlik sewe uit 35, waar daar op die hoogste vlak naamlik die Sentrale Regering onderhandel word. Om die hele struktuur in perspektief te stel, sal die ver=skillende verenigings vervolgens bekend gestel word.

## 2.2 Onderwysersverenigings in die RSA

### 2.2.1 Inleiding

Die vraag kan tereg gestel word waarom daar nie net een


onderwysersvereniging vir ten minste alle Blanke onderwysers in die RSA bestaan nie. Die antwoord lê eerstens in die feit dat daar in Suid-Afrika twee hoofkultuurgroepe onder die Blankes voor= kom, naamlik die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners (die Afrika= ners) en die Engelssprekende Suid-Afrikaners (die Engelse). Elke kultuurgroep vereenselwig hom met 'n eiesoortige kulturele lewe. Die Engelse onderwyserskorps is op grond van sy karakteristieke kulturele agtergrond, naamlik 'n eie taal, geskiedenis en herkoms, maar ook op grond van 'n eiesoortige lewens-en wêreldbeskouing meestal aangewese op Engelse onderwysersverenigings. Daarteenoor het die Afrikaneronderwyserskorps weer sy karakteristieke, volks= eie eienskappe, naamlik 'n eie taal, geskiedenis, herkoms en gods= diensbelewing (vergelyk Hoofstukke 3 en 4) wat ongehinderd in sy eiesoortige verenigings uitgeleef kan word.

Die tweede rede wat tot differensiasie in onderwysersverenigings in Suid-Afrika bydra, is geleë in die feit dat daar ten opsigte van die Blanke onderwysers van Suid-Afrika besondere geografiese groeperinge en verspreidinge merkbaar is. Hierdie geografiese groeperinge sentreer in die verskillende provinsies van die RSA, naamlik in die Kaapprovinsie (2 onderwysersverenigings), Natal (2 onderwysersverenigings), die Oranje-Vrystaat (1 onderwysers= vereniging) en Transvaal (2 onderwysersverenigings). Die provin= siale verdeling ten opsigte van onderwys in Suid-Afrika (ook in homogene taalgroepe) setel in die onderwysgeskiedenis, naamlik in dié van die verskillende onderwysowerhede wat deel gevorm het van die vroeëre kolonies van Natal en Kaap en die voormalige Republieke van die Oranje-Vrystaat en Transvaal. Elke provinsie — eertydse kolonie of republiek — het vanaf sy ontstaansjare 'n eiesoortige

onderwysstelsel opgebou wat nou verband gehou het met die inwo= ners en die regeringsvorme wat kenmerkend van elke geografiese gebied was. So was Natal en die Kaapkolonie lank sterk onder die invloed van die Engelse regime, terwyl die Oranje-Vrystaat en Transvaal 'n eiesoortige onderwysstelsel moes opbou. Die self= standige ontwikkelingslyn in die wordingsgeskiedenis van elke provinsie het daartoe bygedra dat daar tans nog sterk outonome regeringsmagte (veral ten opsigte van onderwyssake) by elke pro= vinsiale raad berus. Alhoewel daar met die promulgering van die *Wet op die Nasionale Onderwysbeleid*, 1967 (Wet 39 van 1967) beweeg word in die rigting van eenheid, berus die implementering en uit= voering van die beleid nog by die verskillende provinsies wat elk 'n sterk eie identiteit, geskiedenis en tradisie het (Steyn, 1977 : 5).

Hierdie sterk outonome regeringsmagte waaroor elke provinsiale raad beskik, bring mee dat die onderwyser met baie van sy onder= wysaangeleenthede eerstens na sy provinsie se betrokke provinsiale raad en onderwysdepartement moet gaan. Die onderwysers van die betrokke provinsies sal dus om hierdie rede saam in verenigings konstitueer — in hul provinsie — sodat daar gesamentlike be= dinging vir onder andere beter diensvoorwaardes en voldoende on= derrigfasiliteite kan plaasvind.

Die onderskeie onderwysersverenigings in Suid-Afrika skakel onder= ling met mekaar, maar ook op 'n gekoördineerde basis met ander on= derwysbelanghebbende gemeenskapstrukture soos byvoorbeeld die staat, die regering, onderwysdepartemente en statutêre onderwys= rade. Figuur 2.2 gee 'n aanduiding van hoe die onderwysersvereni= gings deel is van bogenoemde skakelingsmeganisme:




FIGUUR 2.2 ONDERWYSOWERHEDE, ONDERWYSERSVERENIGINGS EN DIE STATUTêRE ONDERWYSRAAD (ANON., 1982(C) : 12)

In Figuur 2.2 word onderskei tussen die Onderwysowerhede aan die een kant, en die Onderwysberoep aan die ander kant. Die Onderwys= beroep word in twee belangrike komponente, naamlik die Vrywillige Onderwysersverenigings en die Statutêre Onderwysraad verdeel. Volgens die *Wet op die Nasionale Onderwysbeleid*, 1967 Artikel 2(1)(i), het die Vrywillige Onderwysersverenigings die reg om aan= bevelings ten opsigte van onderwysbeplanning te maak. Sulke aan= bevelings word wel op provinsiale vlak deur die provinsiale onder= wysersverenigings gemaak. Ingrypende, gemeenskaplike aanbevelings rakende onderwysbeplanning van landsbelang, word deur die Federale Raad hanteer. Die Federale Raad opereer hoofsaaklik op Ministe= riële vlak. Elke provinsiale onderwysersvereniging het sy ver= teenwoordigers in die Federale Raad — wat gemeenskaplike onder= wyssake verder kan voer — namens bykans al die Blanke onderwysers van die RSA. Hier het die TO 'n groot bydrae (die grootste bydrae van al die betrokke verenigings) om te lewer, want hy word deur sewe lede uit 'n totaal van 35 in die Raad verteenwoordig.

Die Statutêre Onderwysraad, naamlik die Suid-Afrikaanse Onderwy= sersraad vir Blankes (SAOR), het kragtens die *Wet op die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes*, 1976, tot stand gekom. Dit het ten doel om agting vir die onderwyser en die onderwysbe= roep en die professionele aansien (status) van die onderwyser te verseker en uit te bou, en word — net soos die Federale Raad — hoofsaaklik gekonstitueer uit verteenwoordigers van die verskil= lende onderwysersverenigings. In hierdie belangrike statutêre liggaam speel die TO as individuele vereniging kwantitatief* die

*Die kwalitatiewe rol van die TO word breedvoerig in Hoofstuk 6 (Die Funksionering van die TO) behandel.


belangrikste rol, want hy word deur vyf lede uit 'n totaal van 28 verteenwoordig.

Om saam te vat: Die onderwysersverenigings in Suid-Afrika het, deur middel van die Federale Raad en die SAOR, genoegsaam geleent=heid — en ook die beskikbare kanale — om die sake van hul lede sinvol en met welslae op hoë vlak te hanteer. Die unieke plek van die TO in hierdie struktuur word beklemtoon deur sy prominen=te verteenwoordiging.


Die verskillende onderwysersverenigings wat in die RSA bestaan, soos wat in Tabel 2.1 en in Figuur 2.2 en 2.3 aangetoon word, word vervolgens kortliks bespreek.

Tabel 2.1 Verspreiding van Blanke Suid-Afrikaanse onderwysers volgens onderwysersverenigings (Suid-Afrikaanse Onder=wysersraad vir Blankes, 1981 : 9)

| VERENIGING | MANS | | DAMES | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % |
| Natalse Onderwysersunie | 683 | 1,0 | 1 378 | 2,0 | 2 061 | 3,0 |
| Natal Teachers' Society | 1 021 | 1,5 | 3 015 | 4,4 | 4 036 | 5,9 |
| South African Teachers' Association | 1 043 | 1,5 | 2 224 | 3,2 | 3 267 | 4,7 |
| Suid-Afrikaanse Onderwysersunie | 4 457 | 6,5 | 5 701 | 8,2 | 10 158 | 14,7 |
| SA Vereniging vir Tegniese en Beroepsonderwys | 1 493 | 2,2 | 687 | 1,0 | 2 180 | 3,2 |
| OVS Onderwysersvereniging | 1 763 | 2,6 | 2 877 | 4,1 | 4 640 | 6,7 |
| Samewerkskolevereniging | 98 | 0,1 | 37 | 0,1 | 135 | 0,2 |
| Transvaalse Onderwysersvereniging | 6 320 | 9,2 | 11 290 | 16,4 | 17 610 | 25,6 |
| Transvaal Teachers' Association | 888 | 1,3 | 3 541 | 5,1 | 4 429 | 6,4 |
| SWA Onderwysunie | 451 | 0,7 | 798 | 1,1 | 1 249 | 1,8 |
| Vereniging vir Blanke Onderwysers in Onderwys en Opleiding | 394 | 0,6 | 180 | 0,2 | 574 | 0,8 |
| Nie lede van verenigings | 3 877 | 5,6 | 14 678 | 21,4 | 18 555 | 27,0 |
| TOTAAL | 22 488 | 32,6 | 46 406 | 67,4 | 68 894 | 100,0 |




Figuur 2.3 Verspreiding van Blanke onderwysers van SA en SWA, volgens ge= registreerde adresse (Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes, 1981 : 10)




Figuur 2.4 Verspreiding van Blanke onderwysers in die RSA en SWA volgens onderwysersverenigings (Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes, 1981 : 10)

### 2.2.2 Provinsiegebonde onderwysersverenigings

#### 2.2.2.1 Vooraf

Omdat die Federale Raad namens die Blanke onderwysers=verenigings van Suid-Afrika funksioneer, kom die onderwysersver=enigings wat deel vorm van die Federale Raad in die volgende pa=ragrawe onder die loep. Die TO vorm deel van hierdie raad en sy funksionering, daarom is dit essensieel om vir die doel van hier=die verhandeling die onderskeie ledeverenigings van die Federale Raad bekend te stel, sodat die TO teen hierdie agtergrond in die regte perspektief geëvalueer kan word.

Dié verenigings word vervolgens kortliks volgens hul ontstaan, grondslae en doelstellings, lidmaatskap, funksionering en bete=kenis, in 'n alfabetiese volgorde bespreek.

#### 2.2.2.2 Die Kaapprovinsie

##### 2.2.2.2.1 Die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU)

##### 2.2.2.2.1.1 Die ontstaan van die SAOU

Op 4 April 1905, twee jaar en tien maande na die Vrede van Vereeniging, het die SAOU tot stand gekom. Aanvanklik het dié vereniging bekend gestaan as De Zuid-Afrikaansche Onder=wijzers Unie. Die leiers en lede van dié vereniging het, net soos die geval ook was met Die Taalbond en die Afrikaanse Christe=like Vrouevereniging, daarin geslaag om die oorlogsverslane Afrikaners te bemoedig en te motiveer tot positiewe dade en ideale (Van Lill, 1971 : 645-648).

2.2.2.2.1.2 Die grondslag en doelstellings van die SAOU

Vanaf sy ontstaan het die SAOU moedertaalonderwys bepleit en hom daarvoor beywer dat vaderlandse geskiedenis en godsdiensonderrig tot hul reg moes kom in die onderrig daarvan op skoolvlak. Die SAOU erken die soewereine Almag van die God van die Skrifte en is 'n voorstander daarvan dat die onderwysers vennote van die ouers moet wees in die opvoeding van hul kinders (Van Lill, 1971 : 645-648).

2.2.2.2.1.3 Lidmaatskap van die SAOU

Die SAOU akkommodeer die Afrikaanssprekende Blanke onderwysers van die Kaapse Onderwysdepartement asook van die dosente aan sekere tersiêre inrigtings, soos die Universiteit van Stellenbosch en onderwyskolleges van die Kaapprovinsie. In 1981 het sy ledetal te staan gekom op 10 158, wat 14,7 persent uitmaak van die totale aantal Blanke onderwysers in die RSA en SWA (vgl. Tabel 2.1 en Figuur 2.2 en 2.3).

2.2.2.2.1.4 Die funksionering van die SAOU

Bo en behalwe die kultuurbydrae wat die SAOU sedert sy ontstaansjare gelewer het, het hy deurgaans beter diensvoor=waardes en werksomstandighede vir sy lede probeer beding. Die gerief en welsyn van die lede en hul gesinne is van sy hoogste voorkeure in dienslewering. Vakansiegeriewe word teen spesiale tariewe aan SAOU-lede te Dwarswegstrand naby Groot-Brakrivier voorsien. Die SAOU lewer ook omvattende professionele dienste. Hul amptelike orgaan is *Die Unie*, 'n maandelikse tydskrif, wat

waardevolle opvoedkundige artikels en verenigingsnuus bevat (Anon., 1977(c) : 398).

2.2.2.2.1.5 Die betekenis van die SAOU

Dié vereniging word amptelik deur die Kaapse On=derwysdepartement erken, het vyf lede in die Federale Raad en drie lede in die SAOR. Vir die Kaapprovinsie se Afrikaansspre=kende onderwyser is dit 'n tuiste waarin en waardeur hy hom ten volle kan uitleef, terwyl die SAOU, saam met die ander betrokke onderwysverenigings veel vir die Blanke onderwyser in die RSA ver=mag het ten opsigte van diensvooraardes en die professionele sta=tus van die onderwyser. Hier word veral verwys na sy aandeel in die werksaamhede van die Federale Raad* (Van Lill, 1971 : 645-648).

2.2.2.2.2 Die South African Teachers' Association (SATA)

2.2.2.2.2.1 Die ontstaan van SATA

SATA is die eerste amptelike onderwysersvereniging wat in Suid-Afrika tot stand gekom het. Dit is in 1862 gestig (De Witt, 1968 : 157).

2.2.2.2.2.2 Die doelstellings van SATA

SATA beywer hom vir die bevordering van alle aspekte van die opvoedende onderwys van die kind en hy staan in diens van sy lede (Anon., 1977(d) : 203).

---

*Vergelyk Par. 2.4.6 waar die funksionering van die Federale Raad behandel word.

2.2.2.2.2.3 Lidmaatskap van SATA

Dit is 'n vereniging vir Engelssprekende onderwysers in diens van die Kaapse Onderwysdepartement. Universiteitsdo= sente en onderwysers van privaatskole in Kaapland mag ook volle lidmaatskap verkry. In 1981 was daar 3 267 lede, wat 4,7 persent van die totale Blanke onderwyserskorps in Suid-Afrika en SWA uit= maak (Anon., 1977(d) : 203).

2.2.2.2.2.4 Die funksionering van SATA

SATA stel alles in die werk om die status van die onderwysberoep te verhef. 'n Gereelde maandblad, die *Educational News*, is sy amptelike lyfblad, en hierin verskyn artikels met 'n opvoedkundige strekking, asook verenigingsnuus. So byvoorbeeld is die vier-en-negentigste kongres van 1981, met die tema "Edu= cation for a South African Future" daarin bekendgestel (Anon., 1981(a) : 7).

'n Driemaandelikse blad, naamlik *Educational Journal*, word ook deur SATA uitgegee en hierin word hoofsaaklik wetenskaplik-op= voedkundige artikels gepubliseer.

2.2.2.2.2.5 Die betekenis van SATA

SATA lewer direkte professionele diens aan sy eie lede. Die Engelssprekende onderwyser van Kaapland voel hom ge= borge in hierdie vereniging, want hy kan hom kultureel hierby inpas en ten volle uitlewe.

Die nodige samewerking met die Afrikaanssprekende onderwysers

van die Kaapprovinsie word verkry deurdat SATA en die SAOU se gemeenskaplike werksaamhede ten behoewe van hul lede in 'n ge= samentlike raad gekoördineer word. SATA het drie verteenwoor= digers in die Federale Raad en twee in die SAOR, gevolglik is hy medebepaler van die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse onder= wyskorps op 'n landswye vlak (Anon., 1982(c) : 12).

2.2.2.3 Natal

2.2.2.3.1 Die Natalse Onderwysersunie (NOU)

2.2.2.3.1.1 Die ontstaan van die NOU

Die NOU is op 23 Maart 1940 gestig en het uit die Natalse Saamwerkunie ontstaan. Die Natalse Afrikaanssprekende onderwysers het vanaf die ontstaansjare van hul vereniging ten nouste saamgewerk met die Afrikaanssprekende onderwysers van Transvaal (Anon., 1977(a) : 528).

2.2.2.3.1.2 Die grondslag en doelstellings van die NOU

Die grondslag van die NOU is Christelik-nasionaal. Die NOU is 'n diensvereniging wat die beste voordele vir sy lede en die leerlinge van Natal wil bewerkstellig (Anon., 1977(a) : 528).

2.2.2.3.1.3 Lidmaatskap van die NOU

Die Afrikaanssprekende onderwysers van Natal is lede van die NOU. In hierdie vereniging kry eenderstalige on= derwysers van Natal die geleentheid om professioneel met mekaar

te verkeer en die eenheidsbande te verstewig (Anon., 1977(a) : 528).

In 1981 was daar 2 061 lede, wat 3,0 persent van alle Blanke onderwysers in die RSA en SWA verteenwoordig (vgl. Tabel 2.1).

2.2.2.3.1.4 Die funksionering van die NOU

Die NOU beywer hom nie net daarvoor om Christelik-nasionale onderwys en opvoeding te bevorder nie maar lewer ook direkte diens aan sy lede deur middel van sy hoofbestuur wat sake tussen kongressittings afhandel. Die NOU word amptelik erken deur die Natalse Provinsiale Administrasie (Anon., 1977(a) : 528).

2.2.2.3.1.5 Die betekenis van die NOU

Afgesien van die direkte diens wat die NOU aan sy lede lewer, word hy verder betrek by landswye dienslewering ten opsigte van die onderwyserskorps. Die NOU word deur drie lede in die Federale Raad en deur een lid in die SAOR verteenwoordig en lewer sodoende 'n bydrae op 'n breër vlak in sake rakende die onderwysers van die RSA (Anon., 1982(c) : 12, vgl. Figuur 2.2).

Die noue samewerking tussen die TO en die NOU sedert laasgenoem=de se ontstaan, het veral die Afrikaanssprekende onderwysers in die betrokke twee provinsies nader aan mekaar gebring. Aanvanklik het die NOU selfs van die amptelike lyfblad van die TO, naamlik *Onderwysblad*, gebruik gemaak om sy nuuswaardighede en artikels in te publiseer.

2.2.2.3.2 Die Natal Teachers' Society (NTS)

2.2.2.3.2.1 Die ontstaan van die NTS

Die NTS het in 1917 tot stand gekom (Anon., 1973 : 73).

2.2.2.3.2.2 Die doelstellings van die NTS

Die NTS stel hom ten doel om die beroepstatus van onderwysers te verhoog, om diens te lewer aan sy lede en om vraagstukke in die onderwys wetenskaplik te ondersoek (Anon., 1973 : 73).

2.2.2.3.2.3 Lidmaatskap van die NTS

Die NTS bestaan hoofsaaklik uit die Engelssprekende onderwysers van Natal. In 1981 was daar 4 036 ingeskrewe lede, wat 5,9 persent van die totale onderwyskorps van die RSA en SWA uitgemaak het (vgl. Tabel 2.1).

2.2.2.3.2.4 Die funksionering van die NTS

Die belangrikste take van hierdie vereniging is onder andere dat hy hom met volgehoue pogings beywer om die diens=voorwaardes en -omstandighede van die onderwysers te verbeter, asook dat hy help toesien dat die nodige skoolfasiliteite voor=sien word. Hy reël ook kortkursusse vir en samesprekings tussen praktiserende onderwysers. Sy amptelike lyfblad is die *Mentor*, wat tweemaandeliks verskyn. Die eerste uitgawe van hierdie blad het alreeds in Oktober 1918 verskyn (Anon., 1973 : 73). In

watter mate dié vereniging hom met kontemporêre onderwyssake besig hou, blyk uit die kongrestema van 1981, naamlik *Curriculum for the Eighties — Humanities, Sciences* (Anon., 1981(b) : 76).

2.2.2.3.2.5 Die betekenis van die NTS

Die saak van die Engelssprekende onderwyserskorps van Natal word op provinsiale vlak bevorder, terwyl hy op na= sionale vlak sy deel bydra deur middel van die Federale Raad. Die NTS het vier verteenwoordigers in die Federale Raad, asook twee verteenwoordigers in die SAOR. Saam met die ander Blanke onderwysersverenigings lewer die NTS betekenisvolle diens tot die voordeel van die Blanke onderwyserskorps in die RSA (vgl. Figuur 2.2).

2.2.2.4 Die Oranje-Vrystaatse Onderwysersvereniging/The Orange Free State Teachers' Association (OVSOV/OFSTA) in die Oranje-Vrystaat*

2.2.2.4.1 Die ontstaan van die OVSOV/OFSTA

Dié vereniging is op 23 Junie 1892 op 'n konferensie in Bloemfontein gestig. Dr. J. Brill, destydse hoof van die Grey-Kollege, was een van die stigterslede (Anon., 1977(b) : 62-63).

---

*In die Oranje-Vrystaat is daar net een onderwysersvereniging vir Blankes, want die relatief min onderwysers regverdig nie die bestaan van twee afsonderlike verenigings vir Afrikaans- en Engelssprekende onderwysers nie.

2.2.2.4.2 Die grondslag en doelstellings van die OVSOV/OFSTA

Dié vereniging aanvaar "die Christelike historiese grondslag van die Blanke beskawing van Suid-Afrika soos beliggaam in die Christelike ideaal van die Opvoeding; die nasionale grond= slag van 'n eie Suid-Afrikaanse volksbestaan; Suid-Afrika as uit= gangspunt van alle onderwys; die opvoeding binne die huisgesin as die hoeksteen van alle gesonde volksopvoeding" (Henning, 1981 : 7). Gefundeer op hierdie grondslag, wat duidelik Christelik-na= sionaal gerig is, lewer die OVSOV/OFSTA diens aan sowel die Afri= kaans- as Engelssprekende Vrystaatse onderwysers.

2.2.2.4.3 Lidmaatskap van die OVSOV/OFSTA

Die OVSOV/OFSTA sluit lede van beide taalgroepe in die OVS in. Goeie samewerking tussen die twee taalgroepe is ken= merkend, al vorm die Afrikaanssprekende onderwysers sedert die ontstaansjare die meerderheid (Linde, 1929 : 66). In 1981 was daar 4 640 lede verbonde aan die OVSOV/OFSTA wat 6,7 persent van die totale getal Blanke onderwysers in die RSA en SWA verteen= woordig (vgl. Tabel 2.1).

2.2.2.4.4 Die funksionering van die OVSOV/OFSTA

Die OVSOV/OFSTA tree op in belang van sy lede, hy be= ywer hom daarvoor om die kollegiale band tussen onderwysers te versterk, sodat die Vrystaatse onderwysers mekaar onderling kan steun in hul opvoedingstaak. Morele en finansiële steun word waar nodig aan lede verleen. Die saak van die onderwyser word volgens Henning (1980 : 19) aktief op alle terreine behartig en

gedien. Sy amptelike lyfblad is *Die Vrystaatse Onderwyser/The Free State Teacher*, wat maandeliks verskyn.

2.2.2.4.5 Die betekenis van die OVSOV/OFSTA

Die besondere betekenis van die OVSOV/OFSTA lê daarin dat hy as 'n enkele onderwysersvereniging sinvolle en waardevolle diens aan sowel Afrikaans- as Engelssprekende onderwysers van die Oranje-Vrystaat lewer. Verder lewer hy ook sy aandeel in die nasionale aksies en bedinging vir die Suid-Afrikaanse onderwysers= korps, want hy word deur vier lede in die Federale Raad verteen= woordig. Waar die SAOR omsien na die status van die onderwysbe= roep, lewer die OVSOV/OFSTA met sy twee verteenwoordigers in hier= die raad sy regmatige bydrae. In die grondslae van die OVSOV/ OFSTA en van die TO is baie gemeenskaplike komponente, wat mee= bring dat hierdie twee verenigings mekaar se hande sterk.

2.2.2.5 Transvaal

2.2.2.5.1 Die Transvaalse Onderwysersvereniging (TO)

Die Transvaalse Onderwysersvereniging, wat in 1894 in Pretoria ontstaan het en deur die jare ontwikkel het tot die grootste onderwysersvereniging in Suid-Afrika, bied 'n tuiste aan die Afrikaanssprekende onderwysers van Transvaal. Die motief, struktuur en funksionering van die TO vorm die tema van hierdie verhandeling, dus word hy in hierdie paragraaf net kortliks be= kend gestel. In Tabel 2.1 en Figure 2.3 en 2.4 word aangetoon dat die TO, in vergelyking met die ander onderwysers= verenigings, verreweg die meeste lede het, naamlik 17 610, wat

25,6 persent van die totale getal Blanke onderwysers in Suid-Afrika en SWA is. Verder beskik die TO ook oor die meeste ver= teenwoordigers in die Federale Raad, naamlik sewe, wat aan hom groot verantwoordelikheid en seggenskap verleen in die beleid= bepalings- en beslissingsproses van die Federale Raad. In die SAOR word die TO deur vyf van sy lede verteenwoordig, weer eens die meeste vir ŉ enkele onderwysersvereniging, wat aan die TO ŉ besondere verantwoordelike plek in hierdie raad ten opsigte van die neem van besluit verleen (vgl. Figuur 2.2).

2.2.2.5.2 Die Transvaal Teachers' Association (TTA)

2.2.2.5.2.1 Die ontstaan van die TTA

Die TTA is in 1904 gestig met ŉ ledetal van ongeveer 500. Van die stigterslede was Engelssprekende onderwysers wat gedurende die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) vanaf Engeland en die Engelse kolonies gekom het (Bot, 1951 : 142-144).

2.2.2.5.2.2 Die doelstellings van die TTA

Hierdie vereniging stel hom ten doel om die onderwys= belange van sy lede te bevorder en om die beroepstatus van die onderwysers uit te bou (Bot, 1951 : 142-144).

2.2.2.5.2.3 Lidmaatskap van die TTA

Die lede is hoofsaaklik Engelssprekende Blanke Transvaalse onderwysers. In 1981 was daar 4 429 lede wat 6,4 persent van die totale getal onderwysers van die RSA en SWA uit= gemaak het (vgl. Tabel 2.1).

2.2.2.5.2.4 Die funksionering van die TTA

Die TTA staan in diens van sy lede, veral ten op= sigte van die bedinging vir beter diensvoorwaardes. Hy streef ook daarna om, deur middel van gereelde saamtrekke en kongresse, opvoedende onderwys in die algemeen te bevorder. So byvoorbeeld is die 1981-kongres van die TTA toegespreek deur die Minister van Nasionale Opvoeding, dr. G. v.N. Viljoen. Die amptelike mondstuk van die TTA is hul maandblad, *The Transvaal Educational News*.

2.2.2.5.2.5 Die betekenis van die TTA

Dit is die amptelike kanaal waardeur die Engels= sprekende onderwysers in Transvaal met hul probleme, versoeke en vertoë na die Transvaalse Onderwysdepartement kan gaan.

In die Federale Raad neem vier verteenwoordigers van die TTA sitting, terwyl twee lede van hierdie vereniging in die SAOR as volwaardige lede dien (vgl. Figuur 2.2). Die TTA, net soos die TO en die ander betrokke onderwysersverenigings, is 'n belangrike deel van dié oorkoepelende liggame wat onderwysersake in Suid-Afrika bepleit en bevorder.

2.2.3 Nie-provinsiegebonde onderwysersvereniging

2.2.3.1 Inleiding

Benewens die onderwysersverenigings wat streng provinsie= gebonde is, is daar ook 'n onderwysersvereniging (die Suid-Afri= kaanse Vereniging vir Tegniese en Beroepsonderwys/The South

African Association for Technical and Vocational Education) wat landswyd opereer, en wat verteenwoordiging in die Federale Raad en die SAOR het. Daarom word dié vereniging vervolgens kortliks bekend gestel.

### 2.2.3.2 Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Tegniese en Beroeps=onderwys/The South African Association for Technical and Vocational Education (SAVTBO/SAATVE)

#### 2.2.3.2.1 Die ontstaan van die SAVTBO/SAATVE

Die SAVTBO/SAATVE is ŉ onderwysersvereniging vir Afrikaans- en Engelssprekende onderwysers wat in 1958 tot stand gekom het (Anon., 1977(e) : 405).

#### 2.2.3.2.2 Die grondslag en doelstellings van die SAVTBO/SAATVE

Hierdie vereniging gaan uit van die basiese veronder=stellings dat opvoedende onderwys gegrondves is op die Bybel, dat opvoedende onderwys ŉ breë nasionale karakter moet dra, dat die individualiteit van elke leerling erken moet word, dat op=voedende onderwys in diens van die gemeenskap moet geskied en dat opvoedende onderwys ŉ eenheid moet wees.

Die SAVTBO/SAATVE streef daarna om die opvoedende onderwys van die kinders vir wie die lede verantwoordelik is, te bevorder. Die belange, welsyn en aansien van die lede van dié vereniging word beskerm en bevorder, terwyl ŉ onderlinge gees van saamho=righeid nagestreef word (Anon., 1981(d), Bylaag).

2.2.3.2.3 Lidmaatskap van die SAVTBO/SAATVE

Afrikaans- en Engelssprekende onderwysers verbonde aan tegniese kolleges, tegniese institute, technikons (vanaf 1968 tot 1979 bekend as kolleges vir gevorderde tegniese onderwys), kinder= wetskole, skole vir buitengewone onderwys, tegniese en handelskole in die vier provinsies en sekere sekondêre skole wat 'n tegniese of handelstudierigting aanbied is lede van hierdie vereniging. In 1981 was daar 2 180 lede, wat 3,2 persent van alle Blanke on= derwysers in die RSA en SWA verteenwoordig het (Anon., 1977(e) : 405)(vgl. Tabel 2.1).

2.2.3.2.4 Die funksionering van die SAVTBO/SAATVE

Die SAVTBO/SAATVE is 'n diensorganisasie vir sy lede. Hy bevorder beroepsonderwys in Suid-Afrika en werk saam met or= ganisasies wat opvoedkundige en maatskaplike werk verrig.

Die amptelike mondstukke van SAVTBO/SAATVE is die *Tydskrif vir Tegniese en Beroepsonderwys in Suid-Afrika* wat maandeliks verskyn en die kwartaalblad *Journal for Tecnical and vocational education in South Africa.*

Skakeling vind plaas met sowel die Departement van Nasionale Opvoeding as met die verskillende departemente van Onderwys in die vier provinsies.

2.2.3.2.5 Die betekenis van die SAVTBO/SAATVE

Die SAVTBO/SAATVE dien as 'n belangrike saambindende faktor vir die onderwysers en dosente (lektore aan technikons)

wat verbonde is aan nie-provinsiegebonde onderwysinrigtings. Hierdie onderwysers- en dosentekorps het hul eie unieke probleme, voortspruitende uit hul besondere opvoedende onderwystaak, wat effektief deur hulle vereniging hanteer word.

Die SAVTBO/SAATVE word verteenwoordig deur drie van sy lede in die Federale Raad, wat op sy beurt direk met die Minister van Nasionale Opvoeding skakel. Daar dien verder twee van SAVTBO/SAATVE se lede in die SAOR, waar onder andere gewerk word aan die verhoogde status van die onderwysberoep (vgl. Figuur 2.2).

Die SAVTBO/SAATVE, saam met die ander onderwysersverenigings, dien dus die saak van die onderwyserskorps in die RSA ter be=reiking van die doelstellings van die Federale Raad en die SAOR.

## 2.3 Suidwes-Afrika

### 2.3.1 Vooraf

Hoewel Suidwes-Afrika staatkundig nie meer deel van die RSA vorm nie, word die onderwysersvereniging van hierdie landge=bied, naamlik die Suidwes-Afrikaanse Onderwysersunie, kortliks bekend gestel, want Suidwes-Afrika se onderwysersvereniging het ook verteenwoordigers in die Federale Raad en die SAOR.

### 2.3.2 Die Suidwes-Afrikaanse Onderwysersunie (SWAOU)

#### 2.3.2.1 Die ontstaan van die SWAOU

Die SWAOU het in Junie 1921 in Windhoek, SWA, tot stand gekom. 'n Geruime tyd lank het die SWAOU 'n moeilike be=

staan gevoer as gevolg van 'n gebrek aan fondse. Na die Tweede Wêreldoorlog en veral in die vyftigerjare was daar vooruitgang en teen 1977 was ongeveer 1 000 (90 persent) van Suidwes-Afrika se onderwysers lede van die SWAOU (Anon., 1977(f) : 426).

2.3.2.2 Die doelstellings van die SWAOU

Die SWAOU streef daarna om die beroepsbelange van die Blanke praktiserende onderwysers van Suidwes-Afrika te behartig en te bevorder (Anon., 1977(f) : 426).

2.3.2.3 Lidmaatskap van die SWAOU

Afrikaans-, Engels- en Duitssprekende praktiserende Blanke onderwysers vorm die lede van hierdie vereniging. In 1981 was daar 1 249 lede, wat 1,8 persent van die totale onder=wysers van die RSA en SWA uitmaak (vgl. Tabel 2.1).

2.3.2.4 Die funksionering van die SWAOU

In 1952 het die Administrateur van Suidwes-Afrika die SWAOU amptelik as spreekbuis vir die Blanke onderwysers van hierdie gebied erken. Die SWAOU behartig die belange van Suidwes-Afrika se onderwysers, wat anderssoortig is as dié van Suid-Afrika se onderwysers as gevolg van Suidwes-Afrika se afgeson=derdheid, uitgestrektheid, heterogene Blanke bevolking en staat=kundige probleme.

Die amptelike mondstuk van die SWAOU heet *Educa* en hierin word artikels van opvoedkundige aard gepubliseer. Nuuswaardighede verskyn ook gereeld hierin; so is die 1981 SWAOU-kongres deur

middel van ŉ foto-artikel aan die *Educa*-lesers bekend gestel (Anon., 1981(c), : 8-9).

#### 2.3.2.5 Die betekenis van die SWAOU

Die SWAOU, die enigste Blanke onderwysersvereniging in Suidwes-Afrika, dien en bevorder die belange van die praktiseren= de onderwyserskorps van hierdie gebied op plaaslike vlak.

Die SWAOU se inskakeling by die Federale Raad (twee verteenwoor= digers) en by die SAOR (een verteenwoordiger) bring mee dat hy ŉ bydrae lewer in die bedingingsmeganisme van die onderwysers-in-organisasie in Suid-Afrika (vgl. Figuur 2.2).

## 2.4 Die Federasie van Onderwysersverenigings in die Republiek van Suid-Afrika (Die Federale Raad)

### 2.4.1 Inleidende opmerkings

Met die uitsondering van die Vereniging vir Blanke Onder= wysers (VBO) verbonde aan die Departement van Onderwys en Op= leiding en die Saamwerkskolevereniging, is die Federasie van Onderwysersverenigings in die Republiek van Suid-Afrika (kortweg die Federale Raad genoem) die samesnoerende liggaam van alle ander erkende Blanke onderwysersverenigings in Suid-Afrika.

Die Federale Raad het wetlik adviserende inspraak ten opsigte van onderwysbeplanning in die Republiek (Wet 39 van 1967, Artikel 2(1)(i)). Die TO beklee ŉ belangrike plek in hierdie Raad, want sewe van die 35 verteenwoordigers is TO-lede (vgl. Tabel 2.2).

Die Federale Raad behartig en bevorder veral die diensvoorwaarde-aspekte van die Blanke onderwyserskorps van Suid- en Suidwes-Afrika. Individuele bedinging om beter diensvoorwaardes deur elke afsonderlike onderwysersvereniging dra nie soveel gewig as die gesamentlike optrede van al die verenigings deur middel van die Federale Raad nie.

Die TO skakel ten nouste in met die werksaamhede van die Federale Raad, veral waar dit om sy eie lede gaan. Deur middel van die Federale Raad is die TO daarvan verseker dat hy die beste moont=like resultate ten gunste van sy lede kan bereik.

Om bogenoemde redes word die Federale Raad vervolgens kortliks aan die hand van sy totstandkoming, doelstelling, samestelling, beheer en struktuur en funksionering bespreek.

### 2.4.2 Die totstandkoming van die Federale Raad

Op 22 Desember 1922 het die volgende onderwysersvereni=gings (in alfabetiese volgorde genoem) te Kaapstad daartoe oor=gegaan om die Federale Raad te stig:

die NTS, OVSOV, SAOU, SATA, THSOV, TO en TTA

Aanvanklik het die Federale Raad nie effektief gefunksioneer nie, omdat die Afrikaans- en Engelssprekende onderwysersverenigings se grondslae en belange te uiteenlopend was. So byvoorbeeld het daar vanaf 1940 tot 1950 slegs twee afvaardigings van die Fede=rale Raad met vertoë na die Minister van Nasionale Opvoeding gegaan — dog sonder sukses. Die onmin tussen Afrikaans- en Engelssprekende onderwysersverenigings het sulke afmetinge aan=

geneem, dat die Afrikaanse onderwysersverenigings oorgegaan het tot die stigting van die Uniale Onderwysbond. Die Uniale Onderwysbond het naas die Federale Raad bestaan om 'n wakende oog oor onderwystoestande te hou.

Eers vanaf Oktober 1955 kon die Federale Raad met welslae funksioneer, want toe is in die Grondwet bepaal dat slegs sake van 'n "nie-ideologiese" opvoedkundige en professionele aard ter tafel geneem kon word. Verteenwoordiging in die Federale Raad sou ook op 'n *pro rata*-basis wees (Van Lill, 1971 : 638-640).

### 2.4.3 Die doelstelling en bevoegdhede van die Federale Raad

Dit is die doelstelling van die Federale Raad "om die beste belange van die opvoeding, die onderwys en die onderwyser te dien deur gesamentlike optrede van die lede van die Federasie" (Federasie van Onderwysersverenigings in die Republiek van Suid-Afrika, 1978 : 1).

Die bevoegdhede van die Federale Raad is "om sake wat na hom verwys word deur lede van die Federasie of wat op eie inisiatief en met die goedkeuring van die lede van die Federasie op die agenda geplaas word, te oorweeg en te behartig ..." (op. cit. : 2). Hierdie bevoegdhede is 'n verdere kwalifisering van die doelstelling.

Die Federale Raad mag ook nie sake wat ideologies-kontensieus is, behartig nie.

### 2.4.4 Die samestelling van die Federale Raad

Die onderstaande Tabel (2.2) gee 'n uiteensetting van die

samestelling van die Federale Raad soos wat dit in 1981 was (SAOR, 1981 : 9).

Tabel 2.2 Die samestelling van die Federale Raad, 1981 (SAOR, 1981 : 9)

| 1 PROVINSIE/ GEBIED | 2 VERENIGING | 3 LEDE | | 4 VERTEENWOORDIGING | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | 3(a) Ledetal | 3(b) % | 4(a) Verteenwoordi= gers op die Raad | 4(b) % |
| KAAP= PROVINSIE | SAOU<br>SATA | 10 158<br>3 267 | 20,5<br>6,6 | 5<br>3 | 14,3<br>8,6 |
| NATAL | NOU<br>NTS | 2 061<br>4 036 | 4,2<br>8,1 | 3<br>4 | 8,6<br>11,4 |
| ORANJE-VRYSTAAT | OVSOV | 4 640 | 9,3 | 4 | 11,4 |
| TRANSVAAL | TO<br>TTA | 17 610<br>4 429 | 35,5<br>8,9 | 7<br>4 | 20,0<br>11,4 |
| SUIDWES-AFRIKA | SWAOU | 1 249 | 2,5 | 2 | 5,7 |
| LANDSWYD | SAVTBO | 2 180 | 4,4 | 3 | 8,6 |
| TOTAAL | | 49 630 | 100,0 | 35 | 100,0 |

Die TO-lede verteenwoordig 35,5 persent van die totale aantal lede van onderwysersverenigings wat deel uitmaak van die Federale Raad, gevolglik dra die mening van sy sewe verteenwoordigers op die Federale Raad swaar gewig in die werksaamhede van die Raad.

Die wyse van samestelling van die Federale Raad verseker dat verreweg die meeste Blanke Suid-Afrikaanse onderwysers 'n erkende

eenheidsliggaam het wat hul belange sinvol kan behartig.

2.4.5 Die bestuursliggame van die (Federale Raad)

Die bestuur van die Federasie van Onderwysersverenigings in die Republiek van Suid-Afrika word deur die volgende liggame behartig:

* ŉ Federale Raad wat professioneel saamgestel word in oor= eenstemming met die ledetal van elke onderwysersvereni= ging (vgl. Tabel 2.2, kolomme 4(a) en 4(b)).

* ŉ Uitvoerende Komitee wat gedurende die jaarlikse Algemene Vergadering van die Federale Raad gekies word.

* ŉ Dagbestuur, bestaande uit die voorsitter, die ondervoor= sitter en die sekretaris-tesourier van die Federale Raad (Federasie van Onderwysersverenigings in die Republiek van Suid-Afrika, 1978 : 1-2).

* ŉ Sekretariaat (tans deur die TO-Sekretariaat behartig, dit kan egter ook deur ander verenigings beman word).

Geen onderwysersvereniging in die RSA wat verteenwoordiging in die Federale Raad het, kan of mag in isolasie bestudeer word nie, want dit kan bydra tot ŉ eensydige en onvolledige kennis van daardie vereniging — wat deel vorm van die Federale Raad. Enigeen van die verteenwoordigers van die verskillende vereni= gings kan verkies word in enige van die bestuursposte van die Federale Raad, daarom is ŉ insig in die bestuur van die Federale Raad vir hierdie studie oor die TO essensieel.

### 2.4.6 Die funksionering van die Federale Raad

Die Federale Raad se taak behels onderhandelinge met die Sentrale Regering of staatsdepartemente of soortgelyke owerheids=instellings wat op nasionale grondslag funksioneer oor sake van gemeenskaplike belang vir die georganiseerde onderwysprofessie in die RSA (Federasie van Onderwysersverenigings in die Republiek van Suid-Afrika, 1978 : 3-4).

Artikel 2(1)(i) van *Wet 39 van 1967* bepaal dat die Minister van Nasionale Opvoeding by onderwysbeplanning oorweging moet skenk aan die wenke en aanbevelings van die erkende onderwysersvereni=gings. Dit word verder per regulasies wetlik bepaal dat vertoë deur middel van die Federale Raad via die direkteurs van Onderwys van die provinsies en die administrateurs aan die Minister van Nasionale Opvoeding gerig kan word (Goewermentskennisgewing R1644).

Samevattend kan gekonstateer word dat die Federale Raad aan die onderwysers-in-organisasie 'n bedingingsmeganisme* bied. Alhoe-wel die Raad nie statutêre erkenning geniet nie, is dit die enig=ste liggaam waardeur die onderwysers-in-organisasie vertoë insake

---

*Die TO (Anon., 1977(j) : 2) verstaan onder bedingingsvermoë dat dit primêr gaan "om die funksie van 'n onderwysersvereniging om aan die hand van duidelik geïdentifiseerde behoeftes 'n ge=motiveerde saak langs duidelik erkende weë, wat normaalweg per regulasie of beleidsafkondigings neergelê is, mondelings of skriftelik na 'n owerheidsvlak wat die reg van beslissing het, deur te voer met die redelike verwagting dat dit op meriete oorweeg sal word. Waar nodig, behoort die onderwysersvereniging nog verder die geleentheid te hê om sy saak mondeling toe te lig en te bepleit en as dit in belang van die onderwys in sy ge=heel is, prakties uitvoerbaar is, en wat koste betref binne die raamwerk van 'n begroting geakkommodeer kan word, gunstig oorweeg te word".

diensvoorwaardes en ander onderwyssake aan die Minister van Na= sionale Opvoeding kan rig (Anon., 1976(d), : 192-193).

### 2.4.7 Samevattende opmerkings in verband met die betekenis van die Federale Raad

Die Federale Raad het tot stand gekom as gevolg van die behoefte wat daar by die onderwysers-in-organisasie in Suid-Afrika ont= staan het om gesamentlik vir hul sake te beding. Die samesnoering van die verskillende betrokke onderwysersverenigings, waaronder ook die TO, het eenheidsoptrede moontlik gemaak — in so 'n mate dat veel al vermag is deur die Federale Raad. Hier kan onder andere verwys word na die goeie posisie waarin die onderwysberoep geplaas is met die verbeterde salarisstrukture vir onderwysers in 1981.

Met die oog op toekomstige konstitusionele en onderwysontwikkeling in die RSA is die aanbeveling van die Hoofkomitee van die RGN-on= dersoek na die Onderwys in verband met die georganiseerde onder= wysberoep aktueel. Die Komitee stel voor "dat in die lig van die aanvaarde beginsel van gelyke diensvoorwaardes, 'n meganisme daar= gestel moet word vir die georganiseerde onderwysberoep om vertoë te rig met betrekking tot diensvoorwaardes en vir die bylê van geskille wat mag ontstaan" (Raad vir Geesteswetenskaplike Na= vorsing, 1981 : 200). Hierdie meganisme word egter nie verder gekwalifiseer nie. Dit is waarskynlik 'n allesomvattende koördi= nerende raad vir die georganiseerde onderwyserskorps wat gemeen= skaplike sake van alle bevolkingsgroepe sal of kan hanteer.

Op grond van die verskeidenheid onderwysersverenigings onder

Blanke Suid-Afrikaners as gevolg van faktore genoem in Paragraaf 2.2.1, sal hierdie verskeidenheid veral ten opsigte van etniese en bevolkingsverskille ook in die toekoms gehandhaaf moet word om volkseie sake te behartig. Elke eie volk of taalgroep kan dus sy eie onderwysersvereniging, wat sy eie karakteristieke probleme oplos, hê. Die koördinerende "meganisme" kan nie-ideologiese gemeenskaplike sake behartig.

Die Federale Raad het ook 'n groot aandeel gehad in die oprigting van die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad (SAOR). Vervolgens word die SAOR bekend gestel.

## 2.5 Die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes (SAOR)

### 2.5.1 Inleidende opmerkings

Van die 28 lede van die SAOR is 22 verteenwoordigers van verskillende Blanke onderwysersverenigings. Die TO as die groot= ste onderwysersvereniging, het vyf verteenwoordigers in hierdie raad. Hierdie feit, naamlik dat verreweg die meeste lede van die Raad direkte verteenwoordigers van die onderwysers-in-organisasie is, regverdig die bespreking van die SAOR (vgl. Figuur 2.2).

Dit is nie net die taak van onderwysersverenigings om aan beter diensvoorwaardes vir hul lede te werk nie, maar hulle moet ook daadwerklike aandag skenk aan die beroepstatus van die onderwy= sers. Hierdie faset van hul taak word die beste gedien in en deur die SAOR, wie se primêre doel dit is om agting vir die on= derwyser en die onderwys uit te bou en te handhaaf (Taylor, 1977 : 315).

2.5.2 <u>Die totstandkoming van die SAOR</u>

ŉ Lankgekoesterde ideaal van baie Blanke onderwysers in die RSA is verwesenlik met die totstandkoming van die SAOR op 1 Augustus 1977, nadat die *Wet op die Suid-Afrikaanse Onderwysers=raad vir Blankes* (Wet 116 van 1976) op die wetboeke van die Regering geplaas is (Anon., 1977(m) : 1).

Die Federale Raad het in die totstandkoming van die SAOR ŉ be=langrike rol gespeel. ŉ Vaste Komitee, wat gemoeid was met die stigting van die SAOR het rigtinggewende werk gedoen in die sin=volle totstandbrenging en funksionering van die Raad. Op hierdie komitee het die volgende lede van die Federale Raad gedien: proff. J.J. Fourie en G.J. du Toit, en mnre. G.A.H. Dale, H.C. Botha, J.F. Steyn en C. Clement (Anon., 1977(m) : 1).

2.5.3 <u>Die doelstellings van die SAOR</u>

Die primêre doelstelling van die SAOR "is om agting vir die onderwys en die onderwysberoep en die aansien van diegene wat in die onderwysberoep staan, te handhaaf en te bevorder" (Artikel 3 van Wet 116 van 1976).

Die professionele gedragskode wat deur die SAOR vir Blanke onder=wysers in Suid-Afrika aanvaar is, stippel verdere grondslae en doelstellings uit, naamlik dat:

* die onderwyser sy roeping sal uitoefen in die erkenning van die beginsel dat die opvoeding in hierdie land ge=grondves is op die Bybel;

* die onderwys ŉ breë nasionale karakter het;

* karakteropvoeding deel is van die opvoedingstaak van die onderwyser;

* samewerking met die ouers en die ouerhuis nagestreef sal word;

* die skool in diens van die gemeenskap staan;

* die onderwyser lojaal teenoor sy werkgewer moet wees; en

* elke onderwyser verantwoordelike verpligtinge teenoor sy kollegas en sy professie het (Suid-Afrikaanse Onderwysers=raad vir Blankes, 1979 : 22-23).

Hierdie gedragskode is, in sy geheel gesien, iets om op trots te wees en elke onderwyser(-es) kan met vrymoedigheid so 'n gedrags=kode onderskryf, want dit gee aansien, status en erkenning aan die onderwyser (Van der Walt, 1978 : 833-872).

### 2.5.4 Die samestelling van die SAOR

Die *Wet op die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes* bepaal dat

"(a) persone wat Suid-Afrikaanse burgers en geregistreer=de professioneel gekwalifiseerde onderwysers en lede van die een of ander vereniging is en deur kiesers as sodanig

gekies is op die grondslag in Bylae 2*[1] uiteengesit;

"(b) vyf professioneel gekwalifiseerde onderwysers, van wie elke Administrateur een aanstel;

"(c) iemand deur die Minister aangestel" lede van die SAOR is (art. 4(1)) (vgl. Figuur 2.2).

2.5.5 Die bestuursliggame van die SAOR

Die 28 lede van die SAOR word, in die beplanning en uit=voering van hulle pligte, in die volgende komitees betrek:

---

*1 Bylae 2

Grondslag waarop lede deur onderwysersverenigings gekies word

| Getal Kiesers | Getal lede wat deur kie=sers van een vereniging gekies kan word |
|---|---|
| (1) 100 tot 2000 lede bedoel in artikel 4(1)(a) van 'n vereniging in Bylae 1 vermeld | 1 |
| (2) 2001 tot 4000 lede bedoel in artikel 4(1)(a) van 'n vereniging in Bylae 1 vermeld | 2 altesaam |
| (3) Vir elke 3000 lede bo 4000 lede bedoel in artikel 4(1)(a) van 'n vereniging in Bylae 1*2 vermeld | 1 |

*2 Bylae 1

Onderwysersverenigings

Suid-Afrikaanse Onderwysersunie
South African Teachers' Association
Natalse Onderwysersunie
Natal Teachers' Society
Oranje-Vrystaatse Onderwysersvereniging
Transvaalse Onderwysersvereniging
Transvaal Teachers Association
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Tegniese en Beroepsonderwys
Suidwes-Afrikaanse Onderwysersunie
Vereniging vir Blanke Onderwysers in Onderwys en Opleiding
Saamwerkskolevereniging

* Die Uitvoerende Komitee
* Die Tugkomitee
* Die Finansieskomitee
* Die Dagbestuur
* Komitee vir Voorlopige Ondersoek
* Komitee vir Kwalifikasie en Opleiding
* Werkskomitee
* Publikasiekomitee (Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes, 1981 : 6).

2.5.6 <u>Die funksionering van die SAOR</u>

Die taak van die SAOR is nie in die eerste plek op die onderwyser as persoon en sy diensvoorwaardebelange gemik nie maar eerstens om agting vir die onderwys en onderwysberoep te bevorder (Anon., 1976(d) : 192-194).

Hierby inbegrepe word ook die publiek, veral die ouers, beskerm in die sin dat misdrywe en onprofessionele optrede van onderwy=sers strafbaar is, want die Raad besit onder andere die bevoegd=heid om 'n boete van hoogstens R50,00 op te lê, of om die naam van sodanige oortreder van die register te skrap, wat beteken dat hierdie onderwyser nie verder in 'n heeltydse permanente hoedanig=heid mag praktiseer nie. Hierdie bepaling geld net vir skole wat staatsgesubsidieerd of ten volle staatsondersteund is.*

---

* Behoudens Artikel 18(b) van Wet 116 van 1976 kan die SAOR —

"(b) indien iemand na 'n ondersoek ingevolge paragraaf (a) skuldig bevind word aan oortreding van die betrokke bepaling van die gedragskode —

"(i) so iemand berispe of waarsku of berispe en waarsku;
"(ii) hom 'n boete van hoogstens vyftig rand oplê; of
"(iii) sy naam in die register skrap na oorleg met die betrokke onderwyshoof indien hy by 'n skool in diens is, ...".

2.5.7 Slotopmerkings

Die SAOR gee wetlike status aan die onderwysberoep en maak doeltreffender en strenger interne organisasie en beheer van die beroep moontlik. Etiese standaarde, soos vasgelê in die gedragskode, bevorder die handhawing van hoë standaarde ten op= sigte van onderwysersopleiding en -praktisering. Deur middel van die SAOR het die onderwysers-in-organisasie direkte inspraak en medeseggenskap in belangrike onderwyssake soos toelatingsver= eistes vir voornemende onderwysers, opleidingskwalifikasies en die afdwinging van hoë standaarde ten opsigte van lewenswandel en professionaliteit van onderwysers (Taylor, 1977 : 315).

Die SAOR versterk dus die posisie van die onderwysersverenigings en neem nie bevoegdhede en funksies van genoemde onderwysersver= enigings oor nie.

Tans dien die SAOR slegs Blanke onderwysers se belange. Die voorgestelde Suid-Afrikaanse Raad van Onderwysers (SARO), waar= van in die Verslag van die Hoofkomitee van die RGN-ondersoek (1981 : 198) melding gemaak word, beoog verteenwoordiging van "alle mense in Suid-Afrika... en terselfdertyd die belanghebbende groepe onder die voorsieners en gebruikers van onderwys ...". So 'n SARO kan nuttig wees as gemeenskaplike registrasieraad vir die onderwysberoep, koördinering van onderwysersopleiding met betrekking tot kurrikulum vir opleiding, minimum standaarde en sertifisering, diensvoorwaardes, en so meer.

Dit is egter belangrik dat die verskillende bevolkingsgroepe die reg moet hê om elkeen 'n eie raad te hê (die Blankes kan dus die SAOR behou) in belang van bepaalde sake van 'n bevolkingsgroep,

soos byvoorbeeld 'n *eie* professionele beroepsraad vir Blanke on= derwysers ten einde seggenskap te hê oor die vaslegging van die lewensbeskoulike inhoud vir 'n *eie* gedragskode, die inkleding van die besondere kurrikulum vir onderwysersopleiding, ensovoorts.

Benewens die SARO, 'n almal-insluitende raad, sal dit in Suid-Afrika, op grond van taal-, kultuur-, etniese en ander verskille, verkieslik wees dat onderwysers ook registreer by die raad van die betrokke bevolkingsgroep waar hulle onderwys gee. Die pro= fessionele gedrag van elke onderwyser moet tog immers binne elke eie kultuurverband bepaal en beoordeel word, terwyl tugstappe deur eie verteenwoordigers en onderwysleiers geneem kan word.

## 2.6 Onderwysersverenigings in enkele oorsese lande

### 2.6.1 Inleiding

Onderwysersverenigings vorm deel van die onderwysstelsels van ontwikkelde en ontwikkelende lande. Hierdie onderwysersver= enigings oefen as sodanig invloed uit op die onderwysstelsels van die betrokke lande. Die belangrikste onderwysersverenigings van Engeland, die Verenigde State van Amerika en die Bondsrepubliek van Wes-Duitsland kom in die volgende paragrawe in die visier. 'n Kennisname van ander lande se onderwysersverenigings is essensieel vir hierdie studie, want sodoende kan Suid-Afrikaanse onderwysers= verenigings en veral die TO teen 'n breër agtergrond geplaas en geëvalueer word.

Engeland word as een van die lande gekies omdat Suid-Afrika noue bande met hierdie land het, en ook omdat baie van Suid-Afrika se burgers Engelssprekend is.

Enkele onderwysersverenigings van die VSA word ook behandel, omdat die Verenigde State tans leier is van die Westerse Mags=blok en om dié rede verreikende invloed (ook op onderwysgebied) wêreldwyd uitoefen. Amerika se wordingsgeskiedenis, net soos dié van die Republiek van Suid-Afrika, getuig van 'n worstelstryd om vryheid en vir die behoud en uitbouing van demokrasie.

Die Bondsrepubliek van Wes-Duitsland word behandel omdat dié land 'n leidende rol in Wes-Europa gespeel het — en dit tans nog doen. Juis omdat hierdie land se vernaamste onderwysersvereni=gings vanuit 'n meer objektiewe hoek (die Bondsrepubliek is nie so nou aan Suid-Afrika verbonde as Engeland nie) nagevors kan word, sal dit waarde inhou vir die evaluering van die RSA se onderwysersverenigings (i.c. die TO).

### 2.6.2 Engeland

#### 2.6.2.1 Inleiding

Die samestelling, doelstellings en funksionering van die Engelse onderwysersverenigings staan sterk onder die invloed van die kultuurhistoriese ontwikkeling van die Engelse bevolking. So byvoorbeeld het die kerk in Engeland 'n sterk invloed uitge=oefen op die onderwysstelsel (Curtis, 1965 : 1; Barnard, 1981 : 169). Engeland se roemryke verlede, sy eie politieke geskiedenis en sy geïsoleerde geografiese ligging het meegebring dat 'n eie=soortige sienswyse in verband met sy onderwys ontwikkel het. Ook die onderwysers van Engeland het, as gevolg van bogenoemde in=vloede, karakteristieke kenmerke, want hulle beskou hulle pro=fessie en die skool as outonoom, gevolglik streef hulle daarna

om ŉ betekenisvolle, selfstandige bydrae te lewer ten opsigte van onderwysbeplanning en -beleid.

#### 2.6.2.2 Enkele onderwysersverenigings in Engeland

Twee van die invloedryke onderwysersverenigings in Engeland is die National Union of Teachers (NUT) en die National Association of Schoolmasters (NAS). Die leiers van genoemde twee verenigings word op eg-demokratiese wyse verkies, terwyl die uitvoerende amptenare (hoofsekretarisse) in alle opsigte ongebon= de, vry van enige onderhorigheid aan die Departement van Onderwys en Wetenskap, opereer. Hulle het inderdaad "immense freedom of action" (Coates, 1972 : 124).

Die meeste onderwysersverenigings van Engeland se administratief-organisatoriese doelwitte is drieledig van aard: Eerstens beoog hulle doeltreffende interne organisasie, tweedens wil hulle be= tekenisvolle insette lewer ten opsigte van administratiewe regu= lasies, en in die derde plek word daar doeltreffende oorkoepe= lende funksionering nagestreef.

Die NUT en NAS maak daarop aanspraak dat hulle taak ŉ baie breër terrein as net die bedinging vir beter salarisse behels. Hierdie verenigings is in hulle doelstellings daarop gerig om die onder= wys in die algemeen te verbeter (Hattingh, 1977 : 105).

#### 2.6.2.3 Slotopmerking

Hierdie kursoriese bespreking van die situasie van Engeland se onderwysersverenigings bring aan die lig dat daar by hulle, net soos in Suid-Afrika, ŉ ernstige strewe is om diens te

lewer aan hulle lede, maar ook om 'n bydrae te lewer ten opsigte van al die fasette van onderwysbeplanning.

### 2.6.3 Die Verenigde State van Amerika (VSA)

#### 2.6.3.1 Inleiding

Die VSA is tans die leierland onder die demokratiese state van die wêreld en as sodanig bring hy vernuwing op bykans alle terreine. Gelyke geleenthede word vir almal beoog en sover moontlik geïmplementeer. Die demokratiese regte van die individu geniet sterk voorrang in die VSA, asook die gelyke beregting van minderheidsgroepe (Barnard, 1981 : 180; Hattingh, 1977 : 100-104).

Vernuwing, gelyke geleenthede, demokratiese samestelling en lei= ding neem in onderwysbeplanning is sigbare funksioneringskenmerke van die belangrikste onderwysersverenigings van die VSA. Ver= volgens word oorsigtelik aangetoon hoe enkele onderwysersvereni= gings saamgestel is en hoe hulle funksioneer.

#### 2.6.3.2 Enkele onderwysersverenigings in die VSA

Twee belangrike onderwysersverenigings in die VSA is die vakbond-georiënteerde American Federation of Teachers (AFT) en die meer professioneel-georiënteerde National Education Associa= tion (NEA).

Die NEA bestaan uit sowel Blanke as Negeronderwysers van die VSA. Vanaf 1957, die stigtingsdatum van die NEA, tot 1971 het sy lede= tal toegeneem van 43 tot 1 115 000 (Chandler, Powell en Hazard, 1971 : 221). Meer as die helfte van die Amerikaanse openbareskoolonderwysers

is lede van die NEA, wat meebring dat dié Vereniging 'n indrukwek= kende organisasiestruktuur het. Die setel van die NEA is 'n wolke= krabbergebou in Washington. In 1972 was daar 1,2 miljoen lede, waarvan 8 268 in daardie jaar die jaarlikse kongres van dié Ver= eniging bygewoon het (National Education Association of the United States, 1972 : 3).

Die grondslag van die Amerikaanse samelewing, naamlik die onaan= tasbare regte van die individu wat behoue moet bly en gerespekteer moet word, kom baie sterk in die funksionering van die NEA na vore. Die regte en integriteit van die onderwyser word deur drie be= stuursliggame van die vereniging beskerm, naamlik die Committee on Professional Ethics, die Committee on Tenure and Academic Freedom en die National Commission for Defence of Democracy Through Edu= cation (De Witt, 1968 : 150-153).

Dat die NEA poog om sy taak onverskrokke deur te voer, blyk uit 'n artikel in hul amptelike mondstuk, die *NEA Reporter*, (Anon., 1977(g) : 9) waar die vereniging "Through budget proposals, legi= slative initiatives, and pressure on administrative agencies, (NEA) has given the White House and Congress a comprehensive agen= da for effective remedies and reform", waarop byvoorbeeld sake soos —

* verhoogde geldelike steun vir openbare onderwys;

* 'n VSA-Departement van Onderwys gelyk in status aan die kabinet; en

* uitbreiding en verbetering van primêre- en sekondêreskool= onderrigfasiliteite —

verskyn.

Die vakbond-georiënteerde AFT opponeer gewoonlik die NEA. Die AFT is geaffilieer met die American Federation of Labour (AFL), 'n groot Amerikaanse vakbondvereniging (Hattingh, 1977 : 103). Ook die American Federation of Teachers werk nou saam met vak= bonde. Laasgenoemde twee onderwysersverenigings staan aggressiewe leierskap voor en neem selfs deel aan stakings, want materiële welvaart wat langs dié weg verkry word, kompenseer vir status wat deur aggressiewe optrede ingeboet word.

2.6.3.3 Evaluering

Die motiewe, strukture, samestellings en take van die Amerikaanse onderwysersverenigings weerspieël die karakteristieke eienskappe van die Amerikaner, naamlik respek vir demokrasie, individualiteit en ondernemingsgees. Hierdie onderwysersvereni= gings stel hulle daarom ten doel om ware diens aan hul lede ten opsigte van verbeterde werksomstandighede, diensvoorwaardes en salarisse te lewer. Steeds streef Amerikaanse onderwysersver= enigings daarna om medeseggenskap in die formulering van onderwys= beleid te verkry. Tereg beweer MacDougal reeds in 1970 (p.34) "After a long history of non-involvement in decision making, the American teacher has suddenly become one of the most involved citizens in our Society".

Die Blanke Suid-Afrikaanse onderwysersverenigings vertoon ooreen= komste met dié van die VSA in dié opsigte dat beide lande se on= derwysers-in-organisasie doelgerig daarna strewe om die diens= voorwaardes en werksomstandighede van hulle lede te verbeter,

asook om medeseggenskap in onderwysbeplanning en -beleid te ver=kry. Daar is egter ook verskille — so word Amerikaanse Neger=onderwysers as lede van verskeie VSA-onderwysersverenigings toe=gelaat, terwyl daar skeiding tussen Blank en Swart in die RSA is. Deelname aan stakings en vakbond-georiënteerdheid is elemente wat nog nooit op onderwysersverenigingsvlak in die RSA gefigureer het nie, want dit druis in teen die Christelik-religieuse grondmotief hier te lande.*

### 2.6.4 Die Bondsrepubliek van Wes-Duitsland

#### 2.6.4.1 Inleiding

Die onderwysstelsel van Wes-Duitsland dra ŉ tweërlei ka=rakter van aan die een kant ŉ konserwatiewe klassestruktuur en aan die ander kant die neiging tot liberalisme en individuele vryheid. Die Ryksminister van Onderwys het na die Tweede Wêreld=oorlog plek gemaak, eers vir nege en later vir elf "Länder" met outonome beheer oor hule eie gebiede deur ŉ eie "Kultusminister" (Dekker, 1979 : 189-190).

Administrasie en organisasie, beheer en kontrole oor die onderwys=aangeleenthede van die "Länder" berus streng by die ministers van die "Länder" deur middel van die sogenaamde "Schulräte". Ampte=like goedkeuring moet eers aan enige vorm van inisiatief van in=dividuele onderwysers toegeken word. Die wet lê dit onomwonde neer dat onderwysersverenigings geen direkte aandeel mag hê waar dit wetlike regulasies geld nie.

---

*Die Christelik-religieuse grondmotief word volledig in oënskou geneem in Hoofstuk 4.

2.6.4.2 Enkele onderwysersverenigings van Wes-Duitsland

Die twee onderwysersverenigings wat aktief funksioneer in Wes-Duitsland, is die Deutschen Philologenverband, waarvan die meeste lede onderwysers is van die Gymnasia, en Gewerkschaft, Erziehung und Wissenschaft, waarvan die lede hoofsaaklik onderwy= sers van die Volksschule is.

Die onderwys in Wes-Duitsland is aanvanklik, na die Tweede Wêreld= oorlog, gekenmerk deur sterk beheer en kontrole van owerheidsweë. Mettertyd het daar meer soepelheid gekom, veral deur bemiddeling van die *Kultusministerkonferenz* ('n permanente of staande konfe= rensie van die minsters van onderwys van die verskillende Bonds= lande) wat sorg vir die noodsaaklike inter-*Land*-*Bund*-Samewerking (Dekker, 1979 : 506).

Al meer en meer onderwysvraagstukke word deur die bemiddeling van onderwysersverenigings en massamedia bekend gestel. Ook op par= lementêre vlak, waar onderwysersverenigings verteenwoordig word deur afgevaardigdes, oefen dusdanige verenigings politieke invloed uit ten opsigte van vraagstukke in onderwysbeplanning (Hattingh, 1977 : 98-100).

2.6.4.3 Ten besluite

Die Wes-Duitse onderwyser dra al meer en meer sy deel by tot die algemene verbetering van sy beroep op alle vlakke, al ge= skied dit veel meer getemper as in die VSA en Engeland.

2.6.5 <u>Vergelykende oorsig en evaluering</u>

Onderwysersverenigings in die RSA openbaar komponente van

al drie bogenoemde lande se onderwysersverenigings, maar het ook bepaalde karakteristieke, partikuliere kenmerke. In die RSA figureer byvoorbeeld ook 'n verskeidenheid onderwysersverenigings wat demokraties saamgestel en beheer word. Die plaaslike onder= wysersverenigings stel ook alles in die werk ter verbetering en bevordering van hulle lede se belange, hoewel die nodige statu= têre erkenning nog ontbreek. Vakbondgeneigdheid het nog nie in die RSA inslag gevind nie, aangesien professionele optrede, wat die onderwysberoep waardig is, steeds voorgestaan word.

Ten opsigte van die raakpunte betreffende die TO, kan gekonkludeer word dat ook hierdie grootste Blanke onderwysersvereniging in die RSA in baie opsigte ooreenstem met die genoemde oorsese lande se georganiseerde onderwysberoep. So byvoorbeeld is die TO gestig om in die spesifieke behoeftes van die Transvaalse onderwysers te voorsien; die TO dra in sy grondslae en doelstellings, trouens, in sy religieuse grondmotief, onmiskenbare trekke van die kultuur= historiese agtergrond en ontwikkeling van die Afrikanervolk.* Die TO vorm verder deel van die Federale Raad wat namens alle Blanke onderwysers in die RSA veg vir die saak van die onderwys en die onderwysberoep.

Enkele aktuele probleme waarvoor die TO nou, saam met die ander Blanke onderwysersverenigings in Suid-Afrika, te staan kom, is onder andere wat sy houding moet wees insake stakings en vakbond- georiënteerdheid. Verder moet hy besin oor die netelige volkere= verhoudinge hier te lande en in watter mate hy 'n bydrae te lewer het, en of veelrassige onderwysersverenigings in Suid-Afrika ge=

---

*Die grondmotief van die TO word breedvoerig in Hoofstuk 4 be= handel.

wens en prakties is. Waar ander lande reeds ondervinding in die genoemde probleemsituasies opgedoen het, ten voordele of ten nadele, kan die RSA profytlik van sodanige ervaring gebruik maak. Aangesien hierdie fasette buite die spesifieke terrein van hierdie verhandeling lê, is dit gebiede en probleme wat verdere navorsing regverdig.

## 2.7 Samevatting

Die volgende stellings kan nou gewaag word:

* Die onderwysers-in-organisasie (onderwysersverenigings) vorm ŉ essensiële deel van die onderwysstelsel.

* In die Blanke onderwys in die RSA figureer daar ŉ verskei= denheid onderwysersverenigings. Elkeen het sy unieke plek en funksie wat sy bestaan regverdig.

* In Engeland, die VSA en in die Bondsrepubliek van Wes-Duitsland funksioneer erkende onderwysersverenigings effek= tief en die RSA kan uit verworwe kennis in verband met hierdie oorsese lande se onderwysersverenigings toepas= like baat vind.

* Die onderwysersvereniging wat in Suid-Afrika verreweg die meeste lede het en dus die grootste verteenwoordiging in die Federale Raad en die SAOR het, is die Transvaalse On= derwysersvereniging.

Alvorens die motief, struktuur en funksionering van die TO vanuit die regte perspektief bestudeer kan word, is dit nodig om na te

gaan hoe die TO self ontstaan en ontwikkel het en ook watter rol hy in die kultuurhistoriese ontwikkeling van Transvaal en ook in die RSA gespeel het.

In Hoofstuk 3 word dus vervolgens die ontstaan en die ontwikkeling van die TO behandel.